# PROF. HARM MORAAL

**Datum:** 7 Oktober 2010
**Plek:** Potchefstroom
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt |Gekiedenis Departement | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Harm Moraal | Fisikus | SANAE 11 | 1971

**V:** Hierdie is 'n mondelingse geskiedenisonderhoud met Prof. Harm Moraal oor sy jare op SANAE. Kan u net weer die spesifieke span en tyd herhaal?

**A:** Ja. Ek was ekspedisielid van SANAE 11 1970. Ek kan onthou ons is op 10 Januarie 1970 is ek weg en ons het êrens in die begin van Maart 1972, het ons teruggekom.

**V:** Teruggekom?

**A:** Nee, nee, nee, 1971 het ons, ja, 10 Januarie 1970 tot in Maart 1971…

**V:** Maart 1971. En dit was SANAE 11 gewees?

**A:** SANAE 11.

**V:** Wie was die spanleier?

**A:** Willem van Zyl. Willem was. Ek weet nie wat sy nering was nie. Hy was eksklusief as die spanleier gewees. Hy is redelik vroeg oorlede. Ek verbeel my hy het kanker in 'n skouer of so iets gekry.

**V:** Ja.

**A:** Ek dink hy het maar so 45, 50 geword.

**V:** Nou hoe het dit begin dat u begin belangstel het in Antarktika?

**A:** Ek het geen belangstelling gehad nie. Ek het 'n B.Sc-graad gedoen en toe moes ek na my graad moes ek na die oorlog toe gaan vir 'n jaar want ek het die lotery gemis toe ek nou klaar is met matriek. Toe is ek 1968, in die Weermag. In 1969 sou ek as 'n aktuaris begin het in Bellville by Sanlam. Ek het 'n Sanlam-beurs gehad. En toe so in, êrens in die middel van November, ek was nog in die *army* gewees toe lui die telefoon en toe's dit Professor Stoker op die lyn. Hy sê wil ek nie Potch toe kom en Antarktika toe gaan nie. Dit het my hele lewe deurmekaar gegooi want ek was daarop ingestel om 'n besigheidsman te word.

**V:** Maar u het 'n B.Sc geswot?

**A:** Ja. Ek het Fisika en Wiskunde en Statistiek as hoofvakke gehad.

**V:** O, OK.

**A:** En ek was meer aangelê in die wiskundige rigting.

**V:** Was dit hier op Potch gewees?

**A:** Ja. Die outjie wat sou gegaan het in 1970, dié het onttrek. Daar was 'n ou aangewys, maar hy het onttrek. Toe kry ek 'n oproep van hom af. Ek kan goed onthou dit was op Geloftedag gewees, 16 Desember 1970 wat ek… Ek het twee briewe gehad. Jy weet jy kan moes nou kies...

**V:** Ja.

**A:** ... toe het ek die brief gepos en gesê okay, ek sal kom. Dis hoe ek in Antarktika opgeland het en hoe ek 'n Fisikus geword het. Dit was onbeplan.

**V:** Nou hoekom het u besluit om wel te gaan?

**A:** Ek weet nie. Sulke soort van besluite, jy besluit het die een of die ander en jy weet net wat jy besluit en jy weet nie hoe jou lewe sou gewees het as jy andersom besluit het nie.

**V:** Ja, ja, ja.

**A:** Maar wat ek wel kan sê, is dat ek voel myself as senior akademikus een van die mees vergenoegde mense wat 'n loopbaan aanbetref. Ek het ook die pad geloop van jy probeer groei, jy probeer êrens kom, jy probeer 'n CV bou. Die afgelope 10 jaar *worry* ek nie regtig meer daaroor nie. Fisika en Antarktika en die goed wat ek doen is net lekker. Dis oraait.

**V:** En dit is hoe u dan by Fisika beland het, is as gevolg van die jaar in Antarktika?

**A:** Ja, ek het in 1970 en in Maart 1971 teruggekom en ek het my permanente aanstelling hier gekry van 1 April 1971 af. So Maart 1971 terugkom is reg.

**V:** Het daar 'n proefskrif gevolg uit u jaar op Antarktika?

**A:** Ja. Hier Staan "Forcefield Approach To Neutronmonitor Observations Of The 11 Year Cosmic Ray Modulation Cycle.

**V:** Is dit 'n D of 'n M?

**A:** Hierdie is 'n D.

**V:** Dit lyk mos bietjie anders as ons D's. Ons D's is sulke dik goed.

**A:** Ja, en Professor Stoker het daai tyd nog beswaar gehad dat ek dit op A5 geskryf het, maar...

**V:** Baie van jou proefskrifte daai jare was op A5's.

**A:** In die Fisika is ons nie baie *wordy* nie. Ek sien ek het nie SANAE se data hiersô in nie want SANAE het daardie jare het in 1965 begin en in 1966 het hy vir die eerste keer goeie data gegee. En hierdie is in 1970 geskryf. Want die neutronmonitor wat ons toe die langste gehad het was die ene van Hermanus gewees en hier is dus nie direkte SANAE-data hierin nie, maar dit is oor neutronmonitor-data. En ons heel laaste neutronmonitor-data is op ons tuisblad.

**V:** Okay. Ek sal dit gaan opsoek. Nou was dit 'n moeilike besluit gewees om te maak?

**A:** Ja, elke mens het maar sy eie manier en ek moet mooi dink voor ek 'n besluit kan maak. Maar as ek die besluit gemaak het dan was dit maklik, nooit weer teruggekyk nie.

**V:** Watter spanvoorbereidings was daar?

**A:** Spanopleiding was destyds aansienlik meer omvattend as wat dit tans is. Veral gister het ons gepraat oor die psigologiese toetse wat jy gedoen het, alles van die *ink blot test dot*... teken 'n mens en dan mag mens nie vra of jy 'n mannetjie of 'n wyfietjie teken nie. Die kooklesse wat Gert van gepraat het, die was by ons regtig substansieel gewees. Ons het dit gedoen in Pretoria by die Departement van Landbou-Tegniese dienste gewees. Ten minste 'n dag of vier.

**V:** Ja.

**A:** Waar jy goed leer kook het. Brandbestryding was by die Brandweer in Pretoria gewees. Dit was ook goed gewees – daar het ons ook geleer, regtig geleer. Daar is daai tyd is daar baie meer daarvoor ingesit as wat daar tans gedoen word.

**V:** Het die weermagopleiding enigsins iets beteken vir die jaar op SANAE?

**A:** Ja. In die *army* het ek grootgeword; op SANAE het ek volwasse geword. Ek was in 1968 was ek in die weermag en party outjies moet dit direk na skool moes hulle dit ervaar. 'n Ou het die voordeel gehad jy het nou al drie jaar so bietjie meer senioriteit en jy... Die weermag was 'n skok vir enige ou maar Antarktika, dié was 'n bewuste volwassewordingsproses. In die sin dat, daar is gister daaroor gepraat en ek kan dit opsom as.. persoonlikheidseienskappe op Antarktika beteken niks. Die sterk en die swak persoonlikhede, die ekstroverte en die introverte – jy kan hulle op verskillende maniere beskryf. Die enigste karaktertrek wat betekenisvol is, is om te kan saamwerk in 'n span.

**V:** Ja, ek sien.

**A:** As daar iets gedoen moet word en as jy ook optel en saamwerk dan, maak nie saak hoe krom of skeef die Liewe Here jou gemaak het nie, dan is jy aanvaarbaar, terwyl, in ons moderne samelewing, dit gaan mos alles oor *looks* en *image* in die eerste plek. En in die tweede plek kom jy ander menslike eienskappe agter. Op SANAE werk dit andersom. Dit is die een ding. En die tweede ene is, jy het nou al deur skool gegaan en deur universiteit en deur die weermag en dié plekke. As jy op SANAE kom en jy sit vir jaar lank sit jy vas, 24 uur op 'n dag met 'n klein groepie mense, dan kom jy agter dat jy 'n mens net kan leer ken as jy ten minste wil ek sê 'n jaar, 24 uur op 'n dag met hom of haar saamleef. Daar's verskillende ouens in daai span vir wie jy 'n bepaalde beeld gehad het, en dan halfpad in die jaar dan draai jy jou beeld om en dan leer jy iets van daai persoon wat jy nie besef het wat daarin is nie. En dan nog 'n keer, later in die jaar doen jy dit nog weer. Teen die einde van die jaar kom jy agter, dink ek, het jy so min of meer die hele persoon leer ken. En daai ding is 'n waardevolle ding as 'n mens trou.

In ‘n huwelik. Na die tyd, nadat jy getrou het, het jy dit makliker aanvaar want, ja, okay, sy maak hom nou die joos in daaroor maar ek het dit op SANAE beleef. So dis maar soos die lewe is. Dis ‘n tweede keer. Jy het ‘n volwassenheidsproses op SANAE ondergaan wat jy in die latere lewe kon byleer. In die akademiese opset, om in ‘n groep te verkeer en om dinge te sê vir mense, en die manier – dit gaan nie net oor die ding wat jy sê nie maar op die manier wat jy jouself uitdruk. Dié het jy op SANAE baie akuut geleer.
Ek meen, hierso so teen Augustus, September is die humeure deesdae redelik gespanne en dan kom jy agter deur net die stemtoon so bietjie te verander...
... As jy iets versoek of iets sê teen ‘n ou het hy ‘n heeltemal ander effek as jy dit anderste sou sê. So Antarktika is ‘n leerskool uit en uit.

**V:** Was daar ‘n besef gewees in die span, ag, in die span van die breër program, van die breër rede hoekom mens Antarktika toe gaan?

**A:** Ja. In so span van 18 ouens het jy verskillende tipes mense; jy het die akademici, ons was ‘n stuk of 5 wetenskaplikes gewees, plus 3 ouens wat Geoloë was – jy kan maar sê 8 wetenskaplikes.
Dan het jy die bestuurders, die spanleiers, die *mechanics.* Tussen sulke professies het jy verskillende kulture. Dan is dit so dat sekere van die ouens, sekere van ons ouens, ten minste ‘n stuk of 5, 6 van ons ouens was baie intens: geografies, histories, kultureel, geïnteresseerd in Antarktika. Ons het baie daaroor gepraat, gelees. Jy het geen internetkonneksies gehad nie, maar daar was voldoende goed het saamgegaan om jouself daarmee besig te hou.

**V:** Ja.

**A:** O, die geskiedenis van Antarktika en die boeke van die Scotts, en die Wilsons en die Cherry Garrards, hulle is almal daar gelees. Hulle is baie goed heen en weer bepraat en bespreek. Selfs van die oorspronklike SANAE span, SANAE 1, 2, 3 die Hannes le Granges en Dick Bonnema. Is Dick Bonnema op jou...

**V:** Ek het hom reeds gesien. Hy is nou daar in Muizenberg.

**A:** Die Martin du Preez’s en daai mense, hulle was vir jou soort van *icons* gewees, mense om na op te sien. Dis soos die ouens dit in die ou dae gedoen het en die dae was net 8 of 9 jaar gelede. Hulle was die pioniers.

**V:** Het julle kontak met hulle gehad?

**A:** Ja. Radio-amateurs, dié was ‘n nasionale sport daai tyd gewees; daar was geen ander kontak nie. Die reëls van radio-amateur was dat dit mag slegs persoonlike en omgewingsinligting wees. Die ouens het altyd gesels oor die radio oor die weer.

**V:** Ja, ja.

**A:** Die weer aan die eenkant en die weer aan die anderkant, en hoe gaan dit met jou en hoe voel jy, en jy mag vir ‘n ou vra oor hoe gaan dit met jou vrou en jou kinders en so. Maar verder mag jy nie veel vra nie; jy mog nie inligting uitgeruil het oor die amateur-radio nie. Maar as jy met daardie mense praat dan hoe’t julle *CAT* gewerk en julle *Muskeg* gebreek. En wat moet jy met die honde doen en daardie soort van inligting. Ja, absoluut.

**V:** En vooraf, voor julle gegaan het?

**A:** Wat gedoen? Met die mense daar onder gepraat?

**V:** Nee, met die voorgangers Hannes, Dick of het hulle met julle kom gesels?

**A:** Nee, dit kan dit mag wees dat daar een of twee van hulle in die spanopleiding was, maar dit lê my nie meer by nie.

**V:** Okay. Van die skeeproete af. Dit was nog op die RSA gewees?

**A:** Ja. *Rolling slowly along*, dis wat dit beteken het.

**V:** En Herr Funk en Kaptein McNish was nog op die skip gewees?

**A:** Ja. McNish was die kaptein en Funk was die Eerste Offisier. Ek het McNish se e-posadres.

**V:** En Herr Funk was ‘n karakter?

**A:** Ja. Ek het nie veel meer om te vertel van Funk as wat ons gister gepraat het nie. Hy was inherent ‘n goeie joviale, robuuste, maar growwe mens gewees. Tot soveel so, ek kan onthou ons metkassies as ons daar op die ys staan en aflaai het, nadat ons twee weke met hom afgevaar het na Antarktika toe, dan staan Funk en bevele skree van daar bo en dan wys die ouens, hom met twee vingers van onder af dan sê hulle hom sleg, jy weet, in terme van lelike woorde. Lelike woorde het jou geval as ‘n manier van kommunikasie. Growwe mens. Funk was ‘n goeie growwe mens.

**V:** Ongeslypte diamant.

**A:** Absoluut.

**V:** Okay. Ons het nou gister gepraat oor die ys en so. Het julle enigsins van die vorige span opleiding gekry om met die honde te werk?

**A:** Ja, baie.

**V:** Watter soort opleiding?

**A:** Jy span die honde in en jy word gewys hoe om die dinge te doen. En jy word gewys hoe om... Veral as die honde as hulle eers ‘n week aan die pale gestaan het om die honde uitmekaar te hou. Die eienskap van ‘n huskie is jy kan geen mens-vriendeliker, ‘n mens-verlangende dier kry as ‘n huskie nie. Hulle is absoluut gek na mense. As hulle bymekaar kom dan byt hulle mekaar dood.

**V:** O, okay.

**A:** Dis ‘n stryd tot die dood toe. So as jy daai honde inspan, jy span die eerste een in en dan slaan jy baie harde paal laat daai hond wragtig nie kan loskom nie want as jy die ander een inspan, hy gaan hom doodmaak. As hulle energie uitgebrand is, as hulle eers 5 kilos of so gehol het, dan gaan dit beter en dan kan jy hulle beheer.

**V:** Hoe was dit om ‘n hondeslee te beheer? Watse soort *skills* het jy nodig gehad?

**A:** Dis *tricky*. Ek het dit nooit bemeester nie. Daar’s ander ouens wat meer gekonsentreer het op die honde. Byvoorbeeld om agterop die slee te staan, soos wat jy die een foto gesien het, en aan die agterkant het hy ‘n briek gehad. Om beide te kan stuur en die briek te kan hanteer was ‘n kuns gewees.

**V:** En as jy dit nie bemeester het nie, wat het gebeur?

**A:** Wel dan val alles deurmekaar en almal kry seer. Dis ‘n helse gemors. As daai honde eers, as daai slee omval en die honde begin maal, dan is dit chaos.

**V:** Hoe lank vat dit om in te *settle*?

**A:** Ek weet nie. Ek weet regtig nie.

**V:** Waaraan moet mens gewoond raak?

**A:** Dit weet ek ook nie, want as ‘n jongmens is jy baie ontvanklik vir nuwe invloede. Jy’s verskriklik aanpasbaar in terme van taal, in terme van kommunikasie, omgewing, nuwe plekke... As ek nou na ‘n ander kantoor toe moet gaan is dit vir my regtig ‘n opdrag. Nee, daar was nie regtig aanpassingtyd nie. Dit alles is ‘n nuwe uitdaging as jy ‘n jongmens is. Jy het ‘n program voor jou net so hengse werksopdrag, jy moet dit leer, jy moet dat leer, jy moet dit so en so doen... Daar’s nie regtig tyd om te reflekteer nie. Eers as ‘n mens aan die gang is en as die oornamespan weg is, dan sit jy nou so bietjie op ‘n knop die ouens en dan begin jy nou dink oor waar jy is en wat jy doen.

**V:** Wat is die dag van ‘n lewe in daai tyd gewees, 1971 van ‘n fisikus op Antarktika? Wat het jy gedoen?

**A:** Die eerste plek. Die span as geheel. Ons het so die roetine gehad dat ons wel so teen 10h00, 11h00 se kant, meeste van ons, opgestaan het en ge*brunch* het. Dat ons teen 17h00, 18h00 die middag wel die aandete gehad het waar almal saam was. Daar was ‘n klein minderheid van ouens gewees wat, soos julle gister gehoor het, dan net by aandete opgestaan het en dan die

verskoning was omdat hulle in die nag moet waarneem. Maar in die somer is daar nie nag nie, en in die winter is daar nie dag nie. Dis bietjie van 'n verskoning om uit fase te raak. Ek was een van die ouens wat min of meer 'n fase gehou het. Jou werksdag was sê maar nou so 10h00, 11h00 die oggend tot ongeveer, ek sal sê 19h00, 20h00 die aand.

Na aandete het ons ook wel ons dinge gedoen. Die lewe het bestaan uit... Binne die basis het jy 'n kantoor gehad...

... waarin jy daaglikse gewerk het, waar jy stukkende apparatuur reggemaak het. Dit was met ander woorde 'n elektroniese werkswinkel soos wat dit by Gert-hulle min of meer lyk, die ouer weergawe daarvan.

**V:** Moes 'n mens gereeld stukkende toerusting heelmaak?

**A:** Toerusting was baie wispelturig daardie tyd. Deesdae koop jy nie alles nie, maar baie dinge van die rak af en hy werk en *that's it*. Iemand se rol wat julle ook nie moet onderskat nie, ons sal op 'n ander geleentheid nog daaroor praat, is Kobus van der Walt. Kobus, of Stoker was die CEO gewees en elke suksesvolle omgewing het 'n *CEO* ook nodig. 'n *Chief Operating Officer*. Kobus was die *Chief Operating Officer* hierso en die apparatuur waarvan ons praat is hoofsaaklik deur Kobus en sy eweknieë gebou. Dit was inhuis gemaak en omdat die goed uniek was, was dit baie wispelturig. Dus, in die dag het jy maar jou tyd spandeer in die eerste plek aan dataverwerking en jy het 'n *Fasset,* 'n handmasjientjie gehad om gemiddeldes te bereken en die totale vir die dag en jy het opgetel en afgetrek. Die eerste elektroniese rekenmasjien het in Desember 1970, aan die einde van my jaar, ingekom. Net so groot ding, 'n wonderlike ding. Hy kon die vier basiese funksies, optel, aftrek, maal en deel kon hy doen. Voor daai tyd was alles met die hand gewees, dus. Dataverwerking was 'n groot deel gewees. Die apparaat self het 365 tree van die basis af gestaan in 'n skag. En ek weet dit want jy moes elke dag soontoe loop en dis 'n tree vir elke dag van die jaar.

**V:** Ja, ja.

**A:** En na die suide toe gestaan en elke dag die daaglikse kontroles op jou apparaat gaan doen.

**V:** En as dit gestorm het buite?

**A:** Ekskuus?

**V:** En as dit gestorm het buite?

**A:** Dan was daar 'n tou gespan, merker pale met 'n tou gespan, en daar was 'n limiet gewees van wat jy kan doen en wat jy nie kan doen nie en mens het ook maar baie keer die noodlot uitgetart. Twee pale staan so ver soos daai muur en daai muur van mekaar af en dan sien jy so stuk tou maar jy kan nie die volgende paal sien nie. Die oomblik as jy daai tou sou verloor dan is jy verlore soos die Venter-outjie op Vesles Karvet in 1998 verlore geraak het. Dit kan gebeur. Ek het 'n ander storie te vertel van die apparaat. Ek het my knie gebreek.

**V:** Op Antarktika?

**A:** Ja. Ons het gepraat van Reometers wat kosmiese radioruis meet. Ons het gepraat van hoe wispelturig daai dinge was, Kobus het ook daarvan gepraat. Die bleddie goed wou nooit werk nie. En toe eendag, toe gaan ek nou weer van die basis af na die waarnemingshut toe. Dit was in die aand gewees, dit was in April. En ek het die twee reometers gekalibreer. Dis 'n proses wat jy elke dag moet doen. As jy nou klaar gekalibreer het dan sit jy hom terug dat hy nou weer sein moet ontvang. En woeps, daar's hy morsdood, soos gewoonlik. Daar's niks. Daar was twee van hulle gewees. Toe die tweede ene so 'n minuut later ook weer die sein soek. Toe's hy ook dood. Toe sê iets vir myself maar dit kan nie wees nie, hulle kan nie altwee gelyktydig doodgaan nie. Toe kliek dit by my daar moet Aurora wees.

**V:** A, ha!

**A:** En toe is ek, sonder om mooi te kyk of te dink, is ek teen daai leer daar uit. En die skagdeksel stoot jy... die skagdeksel dié stoot jy met jou kop oop dat hy agteroor val en dan klim jy die laaste stukkie uit. Buite bo die skag staan daar 'n merkerpaal waaraan jy kan vashou en dan klim jy uit. En wat ek gedoen het, ek was so opgewonde gewees om die Aurora te sien wat daai twee instrumente... Die punt is as daar Aurora is, dan's daar geen sein nie op daai stadium nie.

**V:** Ja, ja, ja, ja.

**A:** Dis hoekom hulle... Om te sien dat ek die merkerpaal misgevat het en toe is ek af ondertoe. Nou gaan ek *strip*. Sien jy daardie ene?

**V:** Moes die dokter toe wat?

**A:** Ja, ek het mooi geval maar soort van so dat ek my knie deur die onderste sport van die leer afgestamp, in stukke gestamp. Die knieskyf was in twee gebreek gewees. Ek het lank gesukkel. Ek was op my eie, 360 tree van die basis af. En op 'n stadium het Eugene Els, het hy na buite toe gekom om met die honde te speel. Ek het bo by daai skag gestaan. Ek kon nie verder uitkom nie want my been is gebreek.

**V:** Ja, ja, ja, jy kan nie loop as jou knie gebreek is nie.

**A:** Ek kan nog onthou hoe ek vir hom geskree om my te kom help en hoe hy vir my ge*wah-wah* het. Naderhand het hy tog begin besef maar hier kan iets fout wees en hy het na my toe aangesuiker gekom. *Anyway*... Die ouens het my basis toe gedra. Ou Peter Donald het... Daar was X-strale geneem. Daar was 'n X-straalmasjien gewees, kan jy dit glo? En die dokter het X-strale geneem en het die been in gips gesit en dit was 'n vreeslike tedoo gewees. Na 6 weke is die gips afgehaal en toe het daar niks gebeur nie, die knieskyf het nie aangegroei nie. As julle hom sien, dan sê julle vir hom Moraal sê hy het 'n swak dokter.

**V:** En toe die knieskyf nie aangegroei het nie, wat doen u toe? Stap jy maar so? Kon jy loop?

**A:** Toe het ek besluit, wel 'n ou moet maar probeer en met midwinter, of midwintersdag was ek die eerste keer buite die basis gewes. Ek het so 'n maand en 'n half, twee maande, onder in die basis gesit. Jy kan heel gemaklik loop sonder 'n knieskyf. Jy moet net, jy weet as daar nou 'n ongelyke deel kom of as jy struikel dan val jy. Jy kan basies met jou been regop loop. Jy het nie die knieskyf nodig nie.

**V:** En toe u terug in Suid-Afrika kom, toe word daar nou na die knieskyf gekyk.

**A:** Toe's ek geopereer in die Eugene Marais-kliniek in Pretoria. Toe ek die dag daar inkom, hulle maak mos die gordyn so om jou bed toe dat jy kan uittrek dat jy die hospitaalklere kan aantrek. Toe hulle hom so toetrek toe hoor ek hoe een van daai *nursies* sê, skree sy vir 'n kollega in die gang af: "Jy moet bietjie hierso kom kyk, hier's 'n ou wat sy baard rooi *dye*." Hierdie baard was rooi gewees.

**V:** Rooi gewees.

**A:** Ek het so 'n bloedrooi baard gehad. Die dokter het vir my gesê jy gaan so 15 jaar uithou dan gaan jy knieprobleme kry. Dis nou 40 jaar later en ek het nog nie knieprobpleme nie.

**V:** So miskien was dit *afterall*, nie so 'n slegte dokter nie. So die data, wat moet 'n mens daarmee gedoen het, is dit oorgesein met radio, of teleks, of morsekode?

**A:** In ons jaar nog nie. Jy was as wetenskaplike was jy honderd persent verantwoordelik gewees vir die kwaliteit van jou data. Jy moes die data verwerk, seker maak dat die goed reg is. Jy moet opsommings daarvan maak. En eenkeer in twee weke het die angswekkende oproep gekom na Prof. T.H Stoker toe wat jy verslag moes lewer van wat jy gedoen het.

**V:** Dit was daardie halfuur lange oproep?

**A:** En die einste Professor Stoker dié praat nou-nog elke tweede Woensdag met die ekspedisielid

onder op Antarktika nie ek nie. Dis deel van sy lewenstaak. En later jare, '71, '72 het die Teleksmasjien eers gekom waarvan Gunter-hulle gepraat het waarmee hulle data versend het. Deesdae word alles op rekenaar gedoen. So het neutronmonitordata daardie tyd gelyk. Die ding hy tel deeltjies. Hy tel kosmiese strale soos wat hulle inkom. Daar staan hierdie was, op die 27ste, oeps, ek het die verkeerde rol, 1965. Dis Deon Kühn se datarolletjie. Basies wat gebeur, jy sit en tel as jy data verwerk vir elke, daar's 'n uur van daar tot daar. Dis 'n tydmerk. Daar's 1, 2, 3, 4, 5 x 10 = 50 deeltjies is getel. + 1, *maybe* 2 = 52. En *maybe* sit daar. Jy sien, hierdie is die deeltjies en daar word net elke tiende ene word daarso gemerk. Jy tel dus, in hierdie uur is daar 52 deeltjies getel en dan het jy 'n papier en jy skryf dit neer en so gaan jy elke dag jou data deur.

**V:** *Nevermind* die knieskyf, hoe het mense se oë dit gehou?

**A:** Sommige ouens het nie 'n groot sukses daarvan gemaak het nie. Maar ek is die tipe van mens, dat, as ek 'n roetinetaak kry, dan kan ek by hom vassteek. Ek kan hom, ek moet hom agter my kry, dit moet gedoen word.

**V:** Okay, ek skrik 'n bietjie as ek oor gevaarlike insidente moet praat maar ek dink ons het gepraat oor 'n gevaarlike insident. Die spandinamika... Was daar enige ander groot insidente gewees? Wat was die grootste mediese...?

**A:** Nee. Wel, die ander groot insident was 'n week voor ons daar gekom het, toe's Gordon Mackie, toe het hy van die berg afgeval. Hy was Standerd 10 gewees. Dit is so 'n bietjie langer. Ek dink dit was aan die einde van Desember gewees. Hulle het in die berge ingegaan en toe't hy gegly en afgeval en sy kop oopgestamp. Dit was die groot insident. Hy's dood.

**V:** Ja, hy's oorlede.

**A:** In ons span was daar geen groot insidente nie. En spankultuur het die verskil ook. Daar was twee ouens in die span wat naderhand nie met mekaar oor die weg kon kom nie. Met ander woorde wat geen kommunikasie met mekaar gehad het nie. Maar die twee ouens het wel met die span as geheel gekommunikeer. En in ons span was daar nie groep of kliekvorming nie. Interessant genoeg, daar was ook nie drinkers nie. Ons het lekker gedrink maar ons het sosiaal gedrink; daar was nie alkoholiste nie.

**V:** Ja, ek aanvaar seker af en toe gebeur op Antarktika.

**A:** Wat redelik gereeld gebeur want ouens in psigologiese toetse, hulle steek dit gewoon weg. So in elke tweede, derde span het jy so 'n kliekvorming of 'n alkoholisprobleem, dit gebeur.

**V:** En, het julle enigsins ooit daaroor gepraat dat daar eendag vroue mag saamgaan of?

**A:** Nee, dit was totaal buite konsepsie gewees. Jy het nie eers daaraan gedink nie, dit was totaal onmoontlik gewees.

**V:** En swartmense?

**A:** Nee, glad nie, hoegenaamd nie. Dit was die era gewees waarin Apartheid nog gegroei het eintlik. Nee wat, wat wil jy met die onderklas daar maak? Dit was gewoon soos wat dit was.

**V:** Maar julle het dit *actually* dit bespreek of...

**A:** Nee, dit was glad nie op die agenda gewees nie. Hulle was nie deel daarvan nie.

**V:** Het jul vrouens gemis, vroulike geselskap?

**A:** Daar was vier ouens wat getroud was en hoe dit is om as getroude daaronder te wees het ek geen ondervinding daarvan nie. Klomp ouens het vaste verhoudings gehad, tot ou Hennie Viljoen wat naderhand vir sy *girl* gesê het o... Ek het so bietjie van 'n meisie gehad, sy was ook hier gewees, 'n nagraadse student. Maar dit was nie regtig baie ernstig gewees nie. Nee, ek het dit nie gemis nie.

**V:** En waaroor het julle gesels as julle net gewoonweg gesels?

**A:** Oor Fordsburg, en [Ngandini] se ou karre, en Hennie Viljoen se hoenderboerdery op Bloemfontein en as jy nou weer 'n slag die, behalwe vir die volle flieks het 'n mens natuurflieks en sulke kleiner dinge ook gehad. En as mens nou weer 'n slag die branderplankryers op Hawaii

gesien het, dan praat jy oor die see en hoe wonderlik die wêreld is as jy eendag hiervandaan weer wegkom en wat jy alles gaan doen.

**V:** Wat het julle gedink gaan julle doen as julle weg is van Antarktika?

**A:** Die meeste ouens was avontuurlustig ingestel gewees. Jy gaan die tipiese natuurdinge, die gaan jy weer doen. Jongmense is verstommend geheg aan hulle families. Dis regtigwaar so, jou ma het vir jou bitter baie beteken daar. En dit was reg deur die bank was dit so gewees. As jy eers ouer begin word, dan kry jy ander perspektiewe op die lewe. Dit is ook een van die dinge wat ek daar geleer het. Vandag se studente op Potchefstroom, hulle is tipiese kultureel is hulle neo-konservatief. Neo beteken hulle verstaan die nuwe wêreld en hulle verstaan die tegnologie en hulle verstaan die blootstelling wat hulle kry. Ek praat van hulle. Ek weet nie tot watter mate ek julle kan insluit nie. Julle is meer op die seniorvlak.

**V:** Ja, Stellenbosch het 'n *similar* maar ook 'n anderste *setup*.

**A:** Maar as jy met die studente te doen kry, dan kom jy agter, binne-in hulle hart, hulle is familiegebonde, hulle het waardestelsels, en hulle sal die goed oortree, maar as hulle oortree, is daar 'n baie dieper skuldgevoel by 'n jongmens...

... As by iemand wat ouer is. Jongmense is baie eerlike mense en dit kom jy op Antarktika baie goed agter.

**V:** Hoe was die winter gewees?

**A:** Ag, lank en goor, maar interessant. Waaroor praat jy nou eintlik daarso langs daai projektor is daai Anemometer, dis die windspoedmeter. As jy by die deur ingekom het in die woonvertrek, nou die eerste ding wat jy doen is jy kyk waar staan hy; is dit 10 knope wind of is dit 60, 70 knope. Jy is baie weerbewus, jy's ontsettend weerbewus op Antarktika, want dit bepaal alles wat jy daardie dag gaan doen. Veral in die winter wat jy min kan doen, praat jy maar oor die weer, en as jy nie meer oor die weer kan praat nie dan is dit 'n fliek. En as dit nie 'n fliek is nie dan is dit span-aksie wat ons *skivvy* dromme gaan trek.

*Skivvy* dromme trek, wat jy die basis skoonmaak, die *skivvy* bestaan nou nog. Jy sal ook *skivvy* wees. As jy die kombuis en eetplek skoongemaak het, moet alle afval, die is in dromme gegooi. Dit wat eetbaar was, dit is na die honde toe, en dit wat vrot was, nie regtig eetbaar nie, dié is buite in die ys geparkeer. En dan as daar 'n stuk of 20, gewone brandstofdromme gewees waarvan die bokant afgesny is, word hulle onder na die skag toe gesleep en jy trek hulle uit en hulle word op die *skivvy-dump* gegooi. Dit is nie soos wat dit vandag is wat alle afval gaan letterlik terug Kaap toe. Dis net die vloeibare afval wat oor die rant gestort word. Alle vaste afval die kom terug. Ons het alle afval op die *skivvy-dump* gegooi. En as jy met Pieter Donald gaan praat dan moet jy tog vir hom sê Engels is eintlik 'n baie swak taal. Want die skag opset by daai basis... Dié was so gewees, ek meen dis groot, dis 15 meter groot. As jy goed moet optrek en as dit nie breekbaar is nie, dan wil jy nie die goed afkatrol nie, dan wil jy sommer die ding afgooi. En die standaardpraktyk die was gewees, daar het 'n drom daarbo gestaan, 'n leë drom. As jy iets in daai skag gaan afgooi dan skree jy baie hard in daai skag af, koppe, koppe, koppe, jy weet en jy slaan daai drom en veral as 'n ou van onder af vir jou geantwoord het hy het jou gehoor, dan kom daai ding wat jy daar wil afgooi. En dan gooi jy hom af. En wragtag, eendag, daai Donald, hy is mos 'n Engelsman. Hy is soort van 'n tweetalige ene, maar hy het so bietjie sag gepraat. Ook ordentlik. En hy staan eendag daarbo en hy skree: " *heads*,

"woerrr". En ek dink dit was Eugene Els gewees, hy het hom letterlik amper morsdood gegooi. So jy moet tog 'n slag vir hom sê *heads* kan jy nie lekker uitskree soos wat jy in Afrikaans koppeeeee kan sê nie.

**V:** Toe julle nou besef die jaar kom op 'n einde en die RSA kom terug, wat doen mens dan?

**A:** Jy berei voor en dis voorrade en plekmaak vir die nuwe goed. Alles wat jy opgebou het deur die jaar wat gewoon gemors is, dié moet weggegooi word. Daar moet *spring cleaning,* die moet basies gedoen word. Daar's baie aktiwiteite van nuwe apparate wat afkom waarvan jy bewus is, daar moet gate gegrou word en kabels gelê word vir voorbereiding vir die ouens wat afkom. Dis 'n redelike aktiewe tyd. Soos ek gister gesê het dis ook 'n tyd waarvoor die ouens nie regtig baie lief was nie want jy het eiendomsreg begin ervaar en nou kom daar 'n inval van nuwe ouens.

**V:** Hoe lank was oornames destyds?

**A:** Ongeveer dieselfde as nou. Dit is maar so uit en tuis was dit so 2 maande affêre gewees. Deesdae is dit gewoonlik so van die eerste week in Desember, tot die laaste week in Februarie of die eerste week in Maart. Ons s'n was net so bietjie aangeskuif gewees.

**V:** As jy terug, hoe was die terugvaart gewees? Ek moet eers dit vra. Hoe was die terugvaart?

**A:** Bietjie antiklimaks. Is maar daardie gevoel van, ja goed nou gaan ek wel terug en ek gaan nou die berge klim en *ski boarding* en *windsurfing* al die goed waaroor jy gedink het. Jy kry daardie idee van dit was 'n *life time experience* gewees en nou is dit verby. Op die terugvaart het al die mense, eintlik tot vandag toe nog bietjie van 'n nostalgiese gevoel. Dis bietjie antiklimakties van aard, ja.

**V:** Kan jy onthou toe julle die eerste keer weer Tafelberg gesien het of Kaapstad gesien het?

**A:** *Oh, yes*.

**V:** Is dit iets wat 'n impak gelaat het of 'n beeld?

**A:** Ja. Soos ek gister gesê het dat die ding waarna ek gestaan en dink het, as ek nou by daardie restaurant uitkom dan kry ek vir my vars tamaties.

**V:** En, wie het op die kaai gewag?

**A:** My ouers was daar. Ek glo nie, ek dink my klein, my jong broer en my jong sussie was daar gewees. Klaasje was nie daar gewees nie.

**V:** Wat vra hulle dan vir jou?

**A:** As 'n mens sosiaal beplan... Sosiaal na iemand toe gaan, en jy het 'n sosiale interaksie dan kan die eerste vyf minute nogal moeilik wees want jy moet dink wat jy vir iemand gaan sê en hoe jy 'n relaas moet lewer en as jy terugkom van Antarktika is dit maar iets soortgelyks. As jy 'n lekker groet gegee het en 'n druk gegee het, wat sê jy dan nou eintlik. Dis maar die sindroom van jy klim in die kar en gaan ry ons en gaan ons nou maar na die restaurant toe en dan bestel ons nou maar en dan begin die gesels. Jy begin eers los kom. In 'n sekere sin is dit onnatuurlik van aard.

**A:** Dis te ge-antisipeerd. Jy't te lank gewag om te sê sjoe, as ek terug is in die Kaap en dan val dit so bietjie plat.

**V:** Hoe baie het mense daarna uitgevra oor die jaar in Antarktika? Hoe 'n mate het dit deel geword van mens se identiteit?

**A:** Absoluut. Volwaardig. Om 'n Antarktiese ondervinding te gehad het, was redelik uniek. Daar was...

**V:** Vandag nog.

**A:** In my tyd was daar 10 spanne gewees met ongeveer 20 ouens. Daar was so 200 ouens in die land wat Antarktiese ervaring gehad het. En daarom was dit uniek. Ek het onder andere 'n *very extended family* in Nederland. Ek is 'n Hollander, ek is gebore Hollander. Ek was verskeie kere in die sewentiger jare gewees en die skyfies was absoluut *treats* gewees. Hulle wou dit gesien

het en ek het dit al baie keer daar gewys.

**V:** Was dit ‘n aanpassing terug?

**A:** Nee, ek het maklik ingepas, vinnig. Ek dink ek beskou myself ook as ‘n aanpasbare mens. Dit was nie vir my ‘n *issue* gewees nie. Die ding is in hierdie gang, in vergelyking met daai ysgang wat jy daar so gesien het, wat die pale so ingedruk is, en wat die dak letterlik ingedruk moet word en waar jy krom moes loop. Hierdie gang kon ek nie aan gewoond raak nie dat dit absoluut so breed kon wees.

**V:** Dan die laaste vraag, beskryf Antarktika.

**A:** Geografies uniek. Omgewingsgewys is die niks bevat alles, die feit dat jy niks kan sien nie behalwe ys leer jou om te konsentreer op die kleinste sastrugi wat voor jou lê, of lugskemering wat jy op die horison sien of ‘n vlieswolkie wat in die lug sit. As daar so bietjie sneeu in die atmosfeer is wat die son se lig breek, dat die ouens gewoon op die skoorstene klop, kom uit, kom uit, kom uit. Want hulle sê daar is ‘n *solar halo* om die maan. Hy’t nie geweet wat ‘n *lunar* ‘n *solar*. Gehoor van *solar halo*. En daar’s ‘n *solar halo* om die maan. Antarktika is die ding, die plek wat jou leer om natuurverskynsels te waardeer en wat my volwasse gemaak het, wat my geleer het om my menseverhoudings vir die res van my lewe te probeer regkry, ja.

**V:** Okay. Is daar iets wat u nog wil bysê?

**A:** Nee wat, ek is uitgepraat.